GEMEENTE. LES 43

1	GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* OPENBARING 1 – 3

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Openbaring 1 - 3). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) *[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]* (16) JOHANNES 16:8

Herhaal twee - twee.
(16) Johannes 16:8. "En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan My kant is, en dat die oordeel al gekom het."

4	ONDERRIG (85 minute) *[KERK HERSTELLENDE BEDIENING]* SIEKTE EN GENESING

Inleiding. Hierdie studie gaan oor siekte en genesing. Daar is verskillende redes waarom mense siek word. Ons bestudeer die Bybelse siening op siekte en genesing, die middels tot genesing en die plek van geloof by genesings.

A. DIE BYBELSE SIENING OP SIEKTE EN GENESING

1. Die oorsprong van alle siektes.

(1) Die oorspronklike oorsaak van siekte.

Lees Genesis 3:1-19; Romeine 5:12-19.
Ontdek en bespreek. Wat is die oorspronklike oorsaak van siekte en dood in die wêreld?
Aantekeninge. Die Bybel leer baie duidelik dat alle siektes hul oorsprong het in die sondeval. 'Siekte' is die afbraak van die menslike liggaam; en dit kan ook die afbreek van die denke, die wil en die emosies insluit. 'Die dood' is dan slegs die einde van hierdie afbreek-proses.

In Genesis 3 lees ons dat die hele menslike geslag in die sonde geval het nadat die satan die eerste mensepaar tot sonde verlei het.

- God het die mens gestraf deur die satan te vervloek en hom voortdurend tot die vyand van die mens gemaak.
- God het die vrou gestraf deur haar moeite by die geboorte van 'n kind te vergroot en deurdat haar man oor haar gaan heers (Genesis 3:16), omdat sy haar man tot sonde verlei het (1 Timoteus 2:14).
- God het die man gestraf deur die aarde te vervloek (Romeine 8:21-22) sodat die man al die dae van sy lewe sou moes swoeg om aan die lewe te kan bly, omdat hy geluister het na die verleiding van sy vrou.
- Uiteindelik het God die sonde van die menslike geslag gestraf deur die liggaamlike dood (Romeine 5:12).

Vanaf die sondeval, na die skepping van die mens, tot vandag toe, sterf alle mense. Hulle liggame word weer stof (Genesis 3:19). Die liggaamlike dood is die finale afbreek van die fisiese liggaam as 'n gevolg van sonde ("sonde" beteken om die doel van God te mis). Die algemene rede waarom siekte in hierdie wêreld bestaan, is die sondeval.

(2) Verskillende oorsake vir siekte.

Lees die Bybelgedeeltes wat by elke punt gegee word.
Ontdek en bespreek. Wat is nog oorsake dat siekte steeds verder in die wêreld versprei?
Aantekeninge.

- 'n Mens kan getref word deur enige van die baie besmetlike siektes in die wêreld (Markus 1:40) of deur oorerflike afwyking by die geboorte (Job 14:4-6; Johannes 9:1-3) as gevolg van die sondeval van die eerste mens (Romeine 5:12).
- 'n Mens kan ly aan 'n siekte of defek as gevolg van 'n persoonlike sonde (Markus 2:5).
- 'n Mens kan ly aan 'n siekte of defek as gevolg van 'n demoniese aanval (Markus 5:15; 9:17-18, 21-22).

- ’n Mens kan ly aan ’n siekte of defek as gevolg van die slegte versorging van ’n dokter of kwaksalwer (Markus 5:26).
- ’n Mens kan ly aan ’n siekte of defek as gevolg van ’n ongesonde leefstyl (Daniël 1:8, 15-16).
- ’n Mens kan ly aan ’n siekte of defek as gevolg van God se oordeel (Esegiël 14:21).

2. Die oorsprong van alle genesing.

Ontdek en bespreek. Van waar kom *alle goeie dinge*, ingeslote genesing? Lees alle Bybelgedeeltes.
Aantekeninge. Die Bybel leer duidelik dat alle vorme van genesing goddelik is!

(1) Alle goeie gawes kom van God af.

Jakobus 1:17 leer dat elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk van Bo kom en neerdaal van die Vader van die ligte (d.w.s. wat in die hemel woon). “God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie” (1 Johannes 1:5; Jakobus 1;13)

Christene moenie God se wonderwerke en die verskillende geestesgawes van genesing beskou as meer besonders as God se gewone voorsienigheid en sorg nie (bv. Hy skenk ons voedsel en drank, energie, krag, blydskap, ens.). Nie net die spesiale en opmerklike, unieke en wonderbaarlike dinge is werke van God nie, maar ook elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van God uit die hemel uit! Die *reën, die sonskyn en dit wat ons eet* en van kan geniet, kom van God af (Handelinge 14:17; vergelyk Jesaja 28:23-28). Alle *kreatiewe en kunssinnige vaardighede en bekwaamhede* kom ook van God af (Ekdodus 31:1-11). Alle *geestelike seëninge* kom van God (Efesiërs 1:3). Alle *geleenthede (kanse)* om iets van die lewe te maak, kom van God (Matteus 25:14-15). Daar is niks wat ons het wat ons nie van God ontvang het nie (1 Korintiërs 4:7, vergelyk ook 1 Kronieke 29:14b)!

Jakobus leer dat Christene doelbewus al hierdie goeie besittings en lewenservaringe toeskryf aan God in die hemel. Christene moet God dank in alles en vír alles in goeie tye (1 Tessalonisense 5:18; Efesiërs 5:20) en moet bid in moeilike tye (Lukas 18:1; Efesiërs 6:18; Jakobus 5:13). Wanneer Christene dit doen, erken hulle dat God soewerein is oor alle mense en alle gebeurtenisse op die aarde.

(2) Alle genesing is goddelike genesing.

In Jeremia 17:14 sê die profeet, “Maak Ú my gesond, Here, dan sal ek gesond wees! Bevry Ú my, dan sal ek vry wees!” Hy besef dat alle genesing net van God kom. In Hosea 11:3 sê God: “Ek self het Efraim leer loop, Ek het hulle op my arms gedra, maar hulle wou nie erken dat dit Ek is wat vir hulle sorg (AOV: genees) nie.” Alle *medisinale en chirurgiese* (hulp-)middels is deel van God se voorsienige goedheid en sorg vir mense op die aarde. Daarom, wanneer mense na die dokter toe gaan, moet hulle ook hul oë op God rig. God is die Enigste Een wat kan genees! As medisyne die gewensde uitwerking het, dan is dit alleen omdat God daardie effek gegee het. As die chirurg ’n beenbreuk in gips sit en dit genees, dan is dit God wat die been weer gesond gemaak het. God het die menslike liggaam geskep met wonderlike moontlikhede om op sy eie te kan genees.

Soms maak God bekend dat iemand nie gesond gaan word nie (Jesaja 38:1). God kan egter ook die sterwensproses vertraag (Jesaja 38:2-6). Hy kan ook die genesingsproses versnel, deur byvoorbeeld oombliklike genesing (2 Samuel 5:14). Wat die wêreld as ‘natuurlik’ beskou, beskou die Bybel as ‘goddelike handhawing of ondersteuning van alle dinge’ (Hebreërs 1:3). Alle genesing op die aarde is uiteindelik ‘goddelike genesing”!

3. Die tydelikheid van genesing.

Ontdek en bespreek. Hoe tydelik of hoe permanent is genesing?
Aantekeninge. Die Bybel leer duidelik dat alle genesing op die aarde voor die eerste koms van Jesus Christus ‘tydelik’ is.

(1) Vóór die liggaamlike dood is daar maar net tydelike genesing.

Lees Jesaja 53:4-5; Romeine 6:23; Hebreërs 9:27. Die profeet Jesaja het van Jesus Christus gesê “Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra, ... en deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.” Jesus Christus het nie net gesterf om vir ons sondes versoening te doen nie, maar ook om ons uiteindelik *heeltemaal gesond te maak*. Daarom mag Christene tot God bid en vra dat Hy hul siektes genees en mag hulle verwag dat God siekte sal genees as dit sy volmaakte wil is.

Maar “die loon van die sonde is die dood.” Omdat alle mense gesondig het, sal alle mense op die aarde uiteindelik sterf. Selfs die gesondste en fikste mense op aarde sal uiteindelik sterf. Alle mense wat Jesus Christus en die apostels genees het en selfs uit die dood opgewek het, het uiteindelik gesterf. Daarom is alle genesing op hierdie aarde ‘tydelik’ van aard! Nét Jesus Christus het vir ewig uit die dood opgestaan. Christus was die Eersteling van hulle wat ontslaap het. Hy is die Eerste wat uit die dood opgestaan het (1 Korintiërs 15:20)!

(2) Vanaf die wederkoms van Christus af, sal daar net permanente genesing wees.

Lees Handelinge 3:21; 1 Korintiërs 15:22-23; Filippense 3:20-21; Openbaring 21:3-5. “Die herstel van alle dinge” (ANV: “totdat God alles nuut gemaak het”) vind eers by die wederkoms van Christus plaas. Dan sal ons vernederde liggame verander word om soos die verheerlikte liggaam van Christus te word. Eers daarna kan die liggame van Christene nie meer siek word nie en ook nie meer sterwe nie! Dan is daar geen lyding of gehuil of pyn meer nie. Eers dan is “die ou orde van dinge” (die periode van lewe op die teenswoordige aarde) heeltemaal verby. Nou kan Christene

nog tydelik genees word, maar eers by die wederkoms van Christus sal die liggame (ingeslote die gedagtes, wil en emosies) volkome en permanent genees word!

4. Die misterie van genesing.

Lees Deuteronomium 29:29; Lukas 22:42; Efesiërs 1:11; Filippense 4:6-7; Hebreërs 4:16.
Onderrig.

(1) Twee on-Bybelse metodes vir genesing.

Bepaalde metodes vir genesing en ervarings van genesings mag nie verander word in universele metodes en ervarings nie. Die volgende twee metodes is byvoorbeeld on-Bybels:

- Daar is ’n tendens by sommige Christene om elke siekteverskynsel toe te skryf aan ’n demoniese aanval en hierdie siekte dan te behandel deur ’n sogenaamde demoon uit te dryf. Dit is ’n verkeerde siening van die oorsaak van siektes. Dit maak dat intelligente toeskouers skepties word oor die gebede van Christenen vir genezing. Nét sommige siektes het ‘n demoniese oorsaak!
- Daar bestaan ook ’n praktyk om sogenaamd in ‘geloof’ aanspraak daarop te maak dat jy van jou siekte genees is, d.w.s. om van die geloofsveronderstelling uit te gaan dat jy heeltemal genees is wanneer mense vir jou gebid het, *selfs as jy weet of voel dat jy nog nie genees is nie*! Van sulke Christene word verwag dat hulle doen asof hulle genees is. Dit is ’n verkeerde siening van ‘geloof’. Hierdie soort van gedrag kweek onopregtheid, twyfel, en uiteindelik selfs opstand teen God!

Hierdie twee on-Bybelse benaderings van genesing verander die mooi bediening van genesing in verwondings en veroordelings. Mense wat daarmee voortgaan, het God se genade verander in menslike wette (reëls). Maar God se genade kan nooit deur menslike godsdienstige wette gewysig word nie. God se genade bly sý onverdiende barmhartigheid. Genesing bly ’n geheimenis van God se soewereiniteit wat Hy nie aan ons geopenbaar het nie, maar tog aan mense gegee het.

(2) God se soewereine wil m.b.t. genesing is nie geopenbaar nie.

Die Bybel leer dat alle vorms van genesing ’n goddelike geheimenis is. Alle vorms van genesing is afhanklik van God se soewereine wil wat Hy nie aan mense geopenbaar het nie. God se soewereine wil bestaan uit sy geopenbaarde wil en sy verborge wil (Deuteronomium 29:29). God se soewereine wil bestaan ook uit sy aktiewe wil en sy Goddelike toestemming (goedkeuring) dat bepaalde gebeurtenisse plaasvind en ander gebeurtenisse nié plaasvind nie. God het soewereine redes waarom Hy die een persoon genees en nie die ander nie; waarom Hy by die een sieke ’n dokter gebruik en by die ander sieke nie; waarom Hy die een sieke oombliklik genees en die ander sieke nie en waarom Hy ’n lang genesingsproses by die een sieke laat verloop en die ander sieke oombliklik genees. Daarom kán en mág Christene nie van God genesing, wat hulle as mense so vurig begeer, eis of beveel nie. Jesus leer ons om te bid, “Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!” (Lukas 22:42)! God se wil is altyd die mees volmaakte ding wat daar kan gebeur!

5. Die benadering tot genesing.

Ontdek en bespreek. Watter benadering behoort Christene t.o.v. genesing te hê?
Aantekeninge. Die Bybel leer dat Christene met vertroue tot God mag nader as hulle vir iets soos genesing wil vra.

(1) Bid alleen deur die Middelaar Jesus Christus vir genesing.

Lees Jesaja 53:5; Johannes 16:24. Christene word net genees omdat Jesus Christus aan die kruis gesterf het om versoening vir hulle sondes te doen! Daarom leer Christene om ‘in die Naam van Jesus Christus’ te bid, d.w.s. in ooreenstemming met wat Hy oor Homself geopenbaar het en op grond van die verlossingswerk wat Hy volbring het. God hoor (en verhoor) die gebede van Christene net omdat Jesus Christus hul Middelaar is!

(2) Bid vol vertroue vir genesing.

Lees Filippense 4:6-7; Hebreërs 4:16. Christene mag alles wat hulle graag wil hê, na God toe bring. En God sal hulle gebede op ’n manier beantwoord dat die vrede, wat hoër is as enige begrip, hulle harte en gedagtes sal bewaak in Christus Jesus. Christene mag met vertroue tot God se troon van genade nader, sodat hulle barmhartigheid ontvang en genade vind om op die regte tydstip gehelp te word (Hebreërs 4:16). In sy oneindige wysheid, liefde, trou en krag weet God wat die beste tyd, plek en wyse is om hulle gebede te beantwoord.

As dit daarom lyk asof iemand nie na gebed genees is nie, moet Christene nie daaroor ontsteld wees nie. Hulle het tog God se Woord gevolg en in kinderlike vertroue gebid!

Nadat ons ons dringende begeerte vir genesing aan God bekend gemaak het (Filippense 4:6), onderwerp ons óns wil aan sy soewereine, maar nog verborge, wil (Lukas 22:42), met volle geloofsvertroue dat Hy ons gebede gehoor het en hulle op sý tyd en op sý manier sal verhoor (Hebreërs 4:16; 1 Johannes 5:14) en dat sy soewereine wil per slot van rekening die absolute beste moontlike antwoord op ons gebede is (Romeine 8:28,38-39)!

Wat ookal sy antwoord is: genesing of geen genesing nie, d.m.v. gebed of ‘n dokter, onmiddellik of oor ’n lang periode, sy rede oor die hele aangeleentheid sal ons gedagtes en gevoelens oorspoel (Filippenze 4:7)! Ons sal dan in staat wees om sy antwoord volledig te aanvaar!

B. DIE REDES WAAROM SOMMIGE MENSE NIE GENEES NIE

Inleiding. Daar is meer as één rede waarom sommige mense nie genees word nie!
Ontdek en bespreek. Wattter redes is daar waarom mense nie gesond word nie?

1. Persoonlike sondes.

Lees Genesis 12:17; 20:17-18; Psalm 32:1-5; Psalm 66:8; Johannes 5:14.
Persoonlike sonde kan één rede wees waarom ’n persoon nie genees word nie. Byvoorbeeld, in Johannes 5:14 sê Jesus vir die man wat al 38 jaar verlam was: “Moet nou nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.” Dit is moontlik dat God iemand nie genees nie, omdat die persoon nie met ’n bepaalde sonde wil breek nie. ’n Slegte gewoonte (byvoorbeeld: rook) kan ook maak dat jy nie genees nie. God kan dus ’n bepaalde siekte toelaat as straf of waarskuwing vir ’n bepaalde sonde.

2. Ongesonde leefstyl.

Lees Matteus 6:27; 1 Petrus 4:3
Om nie gesond te lewe nie kan ’n rede wees waarom ’n mens nie gesond word nie. Mense kry hoofpyne omdat hulle hul te veel bekommer. Hulle ly aan spanning, omdat hulle oortyd bly werk totdat hulle gesondheid naderhand net ingee. Hulle kry maagprobleme omdat hulle te veel of verkeerd eet. Die profeet Daniël het besluit om nie die ongesonde kos van die koning te los en alleen groente te eet en water te drink. Dit het gemaak dat sý voorkoms asook dié van sy vriende, baie beter was (gesonder was) as al die ander dienaars van die koning (Daniël 1:12-16). Dikwels moet ’n mens eers sy leefstyl verander, voordat hy kan genees.

3. Slegte verhoudings.

Lees Hebreërs 12:15.
As mens nie mooi oplet na die sosiale kringe waarin jy beweeg nie, en dit nie wysig indien nodig nie, kan dit ’n moontlike rede wees waarom ’n mens nie gesond word nie. So lank as wat haat en slegte verhoudings toegelaat word om voort te duur, word die genesingsproses vertraag. Die slegte verhoudings in die gesin, gemeente of gemeenskap (byvoorbeeld: bitterheid, nie wil vergewe nie) moet eers verander word alvorens genesing kan intree. ’n Genesing van gebroke verhoudings (innerlike genesing) bring meestal ook liggaamlike genesing mee!

4. Onderliggende probleme word nie opgelos nie.

Lees Kolossense 1:24; 1 Petrus 4:13.
Om jou eie probleme nie begryp nie kan ’n rede wees waarom ’n mens nie genees word nie. Mense is ingewikkelde wesens. Daar kan ’n diep verborge oorsaak vir sy probleem wees, waarvan die persoon self nie bewus was nie. Die diepgewortelde probleem in sy onderbewussyn moet eers aan die lig kom alvorens hy God kan vra om hom te genees. Dikwels wanneer mense maar net bid oor *die simptome* van hulle probleem, kan daar aanvanklike genesing plaasvind, maar omdat *die onderliggende prbleem* nie verander nie, val die persoon weer terug in sy ou siekteverskynsels. ’n Christen sielkundige of psigiater kan soms help om die probleem aan die lig te bring (Vergelyk: “Die onderskeiding van probleme” in Handleiding 8, les 39, punt D3.)

5. Verkeerde diagnose.

’n Verkeerde diagnose van die siektetoestand kan ook ’n rede wees waarom ‘n mens nie genees word nie. Christene kan op drie maniere ’n verkeerde diagnose maak:

- Wanneer Christene dink dat innerlike genesing of bevryding van ’n demoon nodig is, terwyl liggaamlike genesing die werklike behoefte is.
- Wanneer Christene bid vir bevryding van ’n demoon of ‘n persoon behandel vir ’n liggaamlike aandoening, terwyl innerlike genesing die werklike behoefte is.
- Wanneer Christene dink dat liggaamlike genesing of innerlike genesing die probleem is, terwyl bevryding van ’n demoon die werklike behoefte is.

6. Gebrek aan geloof.

Lees Matteus 17:14-20.
Die gebrek aan geloofsvertroue kan ’n rede wees waarom ’n mens nie genees word nie. Die dissipels kon by een geleentheid nie self ’n kind wat geestelik versteurd was, genees nie. Jesus het gesê dat hulle hom nie kon genees nie omdat hulle ’n te klein geloof gehad het. In die tyd van Jesus se fisiese teenwoordigheid op aarde, was daar ’n algemene skepsis oor genesing. Dit is ook vandág nog steeds die geval. Mense dink dat God nie kan genees nie of hulle is geneig om te konsentreer op redes waarom God nie genees nie, in plaas van om te dink aan die redes waarom God wél wil genees!

7. Skeptisisme teenoor dokters en medisyne.

Wanneer’n mens weier om die hulp van ’n professionele mediese dokter of voorgeskrewe medikasie te aanvaar kan dit ’n rede wees waarom ‘n mens nie genees word nie. Dokters en medikasie is gewone middels waarmee God mense kan

genees. Natuurlik moet ons kwaksalwers en toordokters en hulle toormiddels en drankies, toorspreuke en amulette, ens. verwerp.

8. Ongeduld.

Ongeduld is dikwels die rede waarom sommige mense nie genees word nie. God genees dikwels nie onmiddellik nie. Soms vind genesing onmiddelik plaas, maar op ander tye kom genesing eers na ’n lang tyd of geleidelike proses. Die genesingsproses kan soms baie lank duur.

9. Lyding vir Christus en sy Koninkryk.

Lyding vir Christus en sy Koninkryk kan ‘n rede wees waarom ’n mens nie genees word nie. Soms roep God bepaalde Christene om deel te hê aan die lyding van Christus! In Kolossense 1:24 sê Paulus: “Ek is nou bly oor al die lyding wat ek ter wille van julle moet verduur, want die vervolging van Christus het nog nie geëindig nie. Ek verduur my deel daarvan ter wille van sy liggaam, die kerk.” En 1 Petrus 4:13 sê: “Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid.” Dié lyding en smarte bestaan uit sosiale verdrukking (vergelyk Handelinge 13:50; 14:5,6,19; 2 Korintiërs 11:23-28), liggaamlike siektes of gebreke (Johannes 9:1-3; 2 Korintiërs 12:7-10; Galasiërs 4:13-14) of geestelike lyding (Lukas 15:11-24; 1 Korintiërs 5:1-2; 2 Timoteus 4:10). Die Bybel leer dat in sommige gevalle lyding in die liggaam of in die gees onvermydelik is en dat lyding ’n onderdeel is van die christelike ervaring. God roep sommige Christene om in liggaam en gees te ly ter wille van sy Koninkryk, omdat hulle die evangelie en die Woord van God verkondig of omdat hulle die armes en onderdruktes in die samelewing ondersteun.

10. ‘n Hoër doel van God.

Lees Johannes 9:3; Johannes 11:4; 2 Korintiërs 12:7-10.
Jesus sê: “Sodat die werke wat God doen, in hom gesien kan word.” En: “Hierdie siekte sal uitloop op ... die openbaring van die wonderbaarlike mag van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.”

Die feit dat God ‘n ander hoër (soewereine) doel vir die lewe van sommige mense het, kan ’n rede wees waarom ’n mens nie gesond word nie. Paulus het drie keer gebid dat God ‘die doring in die vlees’ (’n liggaamlike siekte of toestand by hom) sou wegneem. Die Bybel vertel ons nie wat hierdie doring in die vlees was nie, maar wel dat dit hom voortdurend gepla het. Hy noem sy siekte “’n boodskapper (engel) van Satan om my met vuiste te slaan”. Dit was so erg dat sommige mense Paulus as gevolg daarvan verag en verafsku het (Galasiërs 4:13-14).

Die Bybel leer ons wel waarom God Paulus nie gesond gemaak het nie. Hy wou sy genade en krag deur Paulus se swakheid openbaar. Hy het gesê:, “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” En Paulus het God se heilige rede aanvaar. Hy het gesê: “Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Hy sê: “Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.”

C. DIE CHRISTELIKE REAKSIE OP SIEKTES

1. Erken dat jy siek is en gee uiting aan die pyn en emosies.

Lees Johannes 11:35; Matteus 27:46.
Ontdek en bespreek. Hoe hanteer Christene die gevoelens wat hulle het as hulle siek is?
Aantekeninge. Dikwels gaan siekte gepaard met pyn of lyding. Moet ’n Christen ontken dat hy siek is of ontken dat hy pyn ly? Ontkenning lei maar net tot nog meer of erger probleme. Daarom is dit beter om jou siekte of pyn te erken. Siekte veroorsaak ook allerlei emosies. Moet ’n Christen altyd bly wees of is daar ook ruimte om bedroef te wees of te rou? Jesus het sý emosies uitgedruk – Hy het gehuil.

Mag ’n Christen nooit sy siekte bevraagteken nie? Mag hy nooit sy teleurstelling uitdruk en vra, “Waarom doen God niks nie?” Aan die kruis het Jesus gevra: “My God, My God, waarom het U My verlaat?”

Baie siektes eindig uiteindelik met die dood. Hoe kan ’n Christen, wat baie siek is, omgaan met sy vrees (angs) vir die dood? Moet Christene nie méér met mekaar praat oor die christelike hoop wanneer hulle met die dood te doene kry nie?

2. Ondersoek jou eie lewe en bely jou sondes.

Lees Jakobus 5:13-15.
Ontdek en bespreek. Hoe moet ’n Christen reageer op sy siekte?
Aantekeninge. ’n Christen moet die ouderlinge van sy gemeente vra om vir hom te kom bid. Dit lyk of Jakobus ’n man wat baie ernstig siek, moeg en afgetakel is, beskryf. In plaas daarvan dat hy self tot God bid, vra hy die ouderlinge om vir hom te kom bid.

In hierdie Bybelgedeelte lyk dit of daar sprake is van een of ander sonde of nalatigheid wat God onder die aandag van hierdie persoon wil bring in ’n oomblik van stille selfondersoek en sondebelydenis teenoor God. God sal hom vergewe (1 Johannes 1:9)! Jakobus leer nie hier dat hy sy sonde of nalatigheid moet bely teenoor ’n ander Christen wat niks met

die saak te doene het nie, maar net sonde te bely teenoor die persoon teenoor wie hy gesondig het of wat hy veronreg het.

Maar miskien is die doel van sy siekte glad nie dat hy sy sonde moet erken en bely nie, maar eenvoudig net om hom ’n geleentheid te gee om sy lewe te evalueer en te oorskou. God gee hom dan ’n kans om sy doelwitte en prioriteite in die lewe te hersien en hom opnuut aan Hom toe te wy. Die sieke moet besef dat genesing te make het met sy hele liggaam en persoonlikheid, met sy verhoudings (tot God, sy familie en mense rondom hom), en ook sy doelwitte en aktiwiteite. In hierdie geval gee sy siekte hom die geleentheid om te groei tot groter geestelike volwassenheid.

D. VERSKILLENDE SOORTE VAN GENESING

Ontdek en bespreek. Oor watter soorte van genesing praat die Bybel? Lees die Bybelgedeeltes.
Aantekeninge. Ons kan vyf verskillende soorte van genesing onderskei.

1. Genesing van sonde en die voortspruitende gebrokenheid.

Lees Hosea 14:4; Jakobus 5:16.
Genesing van siekte vind plaas deur die sonde te bely. In Hosea 14:5 sê God: “Ek sal hulle ontrou genees.” Jakobus 5:16 leer: “Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.”

(1) Die belydenis van sondes in die Bybel.

Die Bybelse leer aangaande die belydenis van sondes is die volgende:

- *Belydenis van sondes teenoor God alleen*, omdat ons sonde alleen teen Hom was (Psalm 90:8).
- *Belydenis van sondes onder vier oë*, omdat ons sonde net één ander persoon raak (Matteus 5:23-24; 18:15).
- *Belydenis van sondes in die openbaar*, omdat ons sonde ’n groep mense (byvoorbeeld die gemeente) raak (1 Timoteus 5:20).

(2) Die belydenis van sondes terwyl ’n ander Christen by is.

Sommige Christene lê Jakobus 5:16 as volg uit: ’n Christen wat gebuk gaan onder ’n bepaalde sonde, moet sy sonde aan ’n vertroueling bely. Dan kan hulle saam daarvoor bid en so mekaar se laste dra totdat daar vergewing, genesing of bevryding gekom het.

Die bewoording van Jakobus 5:16 laat egter nie hierdie uitleg toe nie! In die Bybel beteken die werkwoord ‘bely’ nie ‘met spyt erken’ of ‘’n geheim vertroulik met iemand deel’ nie, maar eerder ‘om dieselfde te sê as’ wat God sê. Vergelyk ook Romeine 10:9-10: Met jou mond sê wat jy in jou hart glo. En in Lukas 17:3-4 en Jakobus 5:16 beteken ‘bely’ dus “om dieselfde as God oor die sonde te sê”, maar alleen teenoor die persoon teen wie jy gesondig het”.

Hierdie Bybelgedeelte praat dus nie oor groepies mense wat hulle sondes openlik in die groepie bely nie. Hierdie Bybelgedeelte sê nie: “Bely jou sondes teen God en ander mense in mekaar se teenwoordigheid” nie, maar “Bely julle sondes aan mekaar”, d.w.s. teenoor die persoon teen wie jy gesondig het. Om sondes in ’n groep te bely, lei net tot skinder en kwaadpratery (Vergelyk Handleiding 2, supplement 10).

(3) Die belydenis van sondes teenoor die persoon teen wie jy gesondig het.

Die enigste korrekte uitleg van Jakobus 5:16 is dat jy die sonde wat jy teen iemand begaan het net aan hom bely en van hom vergifnis ontvang. Die gelowiges kom nie bymekaar om al hulle sondes teenoor mekaar te bely nie. Indien dit nodig is kan die sieke aan die ouderlinge vertel dat hy teenoor iemand anders sonde moet bely en dit dan so gou as moontlik ook doen.

2. Genesing van innerlike gebrokenheid.

Lees Psalm 147:3; Spreuke 12:18; 15:30.
Genesing van innerlike emosionele probleme vind plaas deur *die eintlike probleem wat aan die wortel lê van die sonde*, te onderskei en dan God toe te laat om met die probleem af te reken. Psalm 147:3 sê:, “Hy (die Here) genees die gebrokenes van hart.”

3. Genesing van liggaamlike siekte.

Lees Matteus 4:23; Filippense 3:20-21.
In heilshistoriese kontekst het Jesus baie siektes genees. Matteus 4:23 sê: “Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan ... en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak.” Maar Matteus 13:58 sê, “Vanweë hulle ongeloof het Hy daar nie baie wonderwerke gedoen nie.”

Na die liggaamlike dood. Eers nadat ons gesterf het en Jesus sal sien, sal ons gees (ons onsigbare wese) volledig en permanent volmaak word soos Hy is (1 Johannes 3:1-3)!

Na die wederkoms. En eers by die wederkoms van Jesus en die opstanding uit die dood, sal ons sterflike liggame getransformeer word en gelykvormig word aan die verheerlikte liggaam van Jesus Christus (Filippense 3:21).). Ons vergankelike stof (elemente van ons liggaam) in die aarde sal in onvergankelikheid, heerlikheid, krag tot ’n geestelike

liggaam opgewek word (1 Korintiërs 15:42-44)! Dan eers sal ons Christene volledig en permanent volmaak genees wees!

4. Genesing van die onderdrukking deur bose geeste.

Lees Matteus 17:14-18; Handelinge 10:38.
Genesing van die binding deur bose geeste vind plaas deur gebed. In Handelinge 10:38 lees ons: "Hy (Jesus) het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was." Dis beter om geen teorieë te formuleer rondom Matteus 17:21 AOV "Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed *en vas*" nie, omdat die oorspronklike Griekse teks van hierdie vers in die vroegste handskrifte en vertalings ontbreek. Dié vers is eers na die 4de eeu n.C. in die Bybel ingevoeg toe sommige Christene hulleself in kloosters teruggetrek het en hulle met askese besig gehou het (Vergelyk voetnota in ANV)

5. Genesing van die land.

Lees 2 Kronieke 7:14.
Genesing van die land gebeur wanneer God droogtes, oorstromings en plae vervang met reën, beskerming en goeie oeste. In 2 Kronieke 7:14 belowe die HERE, "En my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel."

E. DIE MIDDELS TOT GENESING

1. God gebruik verskillende middels tot genesing.

Onderrig.

(1) Spontane genesing.

Ten spyte van die gevolge van die sondeval van die mens, het God 'n wonderlike vermoë in die menslike liggaam geskep om van allerlei siektes te genees en van allerlei kwale te herstel. Baie siektes, infeksies en wonde genees spontaan, selfs al neem dit 'n tyd. God is nogtans die Outeur van die spontane genesing en herstel (Hebreërs 1:3). Spontane genesing is dus ook goddelike genesing en nie maar net natuurlike genesing nie.

(2) Dokters en medikasie as middel tot genesing.

Sommige oordrewe geloofsgenesers sê dat mense vir wie hulle bid, moet aanspraak maak op hulle genesing (Engels: claim their healing). Hulle sê: "Nou dat ons vir jou gebid het, moet jy glo dat jou gebed beantwoord is en dat jy nou heeltemal genees is." En: "Moenie meer op die simptome van jou siekte let nie". En: "As 'n teken dat jy glo dat jy genees is, moet jy ophou om medisyne te gebruik", of: "Gooi jou krukke weg." Maar hierdie geloofsgenesers praat nie in ooreenstemming met God se Woord nie, omdat nie alle siektes genees word nie en gebed en geneesmiddels in die Bybel geen teenstelling vorm nie.

Volgens Markus 6:12-13 en Lukas 10:33-34 is siekes *met olie gesalf* en was dit, in die dae van Jesus Christus, die middel wat gebruik is om siektes te behandel. Die dissipels het siekes gesalf met olie en hulle genees. Die Samaritaan het sy pasiënt se wonde versorg met olie en wyn. Die olie het gedien om die pyn te versag (Jesaja 1:6) en die wyn om die wond te reinig (vergelyk 1 Timoteus 5:23). Toe het hy hom op sy donkie vervoer na 'n herberg en hom daar verder verpleeg. Jesus prys hom vir sy mediese versorging aan sy naaste.

Paulus en baie ander het waarskynlik gebruik gemaak van die mediese versorging van Lukas, want in Kolossense 4:14 noem Paulus hom: 'die dokter wat ek baie lief het'! Hoewel Paulus ook mense kon genees, het hy Trofimus siek agtergelaat in Milete, waarskynlik om hom 'n kans te gee om te herstel (2 Timoteus 4:20).

(3) Wonderbaarlike genesing.

1 Korintiërs 12:28 sê dat God 'n verskeidenheid van genadegawes van genesing aan Christene gegee het. Dit kon genadegawes wees om die liggaam of die gees te genees. *Die meervoud* toon aan dat God mense op verskillende maniere genees: deur middel van dokters en terapeute, d.m.v. ouderlinge en pastorale medewerkers, en d.m.v. gebed en geloof van Christene. Alle vorms van genesing is dus *goddelike genesing*. En alle genesings is eintlik wonders – *wonderbaarlike genesings*!

(4) Uiteindelike genesing.

1 Korintiërs 15:50 sê: "Vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie". Op hierdie aarde is alle genesing *tydelike genesing*. *Uiteindelike of permanente genesing van die menslike gees (siel)* vind eers plaas ná die ligaamlike dood, wanneer Christene in die teenwoordigheid van Jesus Christus kom en Hom sien soos Hy is (1 Johannes 3:1-3). *Uiteindelike of permanente genesing van die menslike liggaam* vind eers plaas by die wederkoms van Jesus Christus (1 Korintiërs 15:50-57; Filippense 3:20-21). Nét in die nuwe hemel en nuwe aarde sal daar volkome, volmaakte en ewigdurende genesing van die hele mens wees! Eers dan word alle siektes, kwale en dood vir ewig en altyd vernietig (Openbaring 21:4)!

2. Mense met spesiale gawes van genesing.

Ontdek en bespreek. In watter periode van die menslike geskiedenis vind daar wonders van genesing plaas?
Aantekeninge. As reël is die Bybel meer geïnteresseerd in die alledaagse voorsienige en versorgende dade van God (God wat die hele skepping elke oomblik onderhou) as in die buitengewone dade (die wonderwerke) van God. Die Bybel reserveer die wonderwerke van God vir die groot keerpunte in die heilsgeskiedenis! Die groot keerpunte in die heilsgeskiedenis van God is die volgende:

(1) Die Uittog/Eksodus (Die Wet).
Lees Eksodus 15:22-27; Numeri 21:4-9.
Wonderwerke het gesentreer rondom Moses, d.w.s. gedurende die verlossing en uittog van Israel uit Egipte.

(2) Die profete (Die Profete).
Lees 1 Konings 17:17-24; 2 Konings 5:1-16.
Wonderwerke het rondom die profete Elia en Elisa gebeur, d.w.s. gedurende die begin van die periode van groot profete in die Bybel.

(3) Jesus Christus (Die Evangelies).
Lees Matteus 4:23-24; Handelinge 10:38.
Wonderwerke het rondom Jesus Christus gebeur, d.w.s. gedurende die periode dat God in Christus Jesus die menslike natuur aangeneem het en in sy skepping en in die menslike geskiedenis binnegetree het.

(4) Die apostels (Die Briewe van die apostels).
Lees Markus 16:20; 2 Korintiërs 12:12; Handelinge 14:3; Hebreërs 2:3-4.
Uiteindelik gebeur wonderwerke in samehang met Jesus Christus rondom die twaalf apostels van Jesus Christus, d.w.s. gedurende die periode van die grondlegging van die Christelike Kerk. Volgens 2 Korintiërs 12:12 het wonderwerke rondom die apostels gebeur as ’n Godgegewe teken om te bewys dat die unieke werke van die apostels eg was en om hulle bediening te bekragtig.

Dit stem ooreen met die algemene patroon van die Bybel, soos hierbo genoem. In Markus 16:20 en Handelinge 14:3 lees ons dat die Here die boodskap van sy apostels bevestig het deur die tekens wat daarop gevolg het. Volgens Hebreërs 2:3-4 was die rede dat God genadegawes van die Heilige Geest gegee het soos Hy wou, om die boodskap van verlossing te bevestig wat deur sy apostels in die Kerk verkondig is (en in die Nuwe Testament opgeteken is).

(5) Keerpunte in die huidige christelike geskiedenis.
Lees 1 Korintiërs 12:28; 14:12. Wonders gebeur nog steeds vandag! Hulle kom oral voor, maar veral gedurende die keerpunte of belangrike punte in die heilsgeskiedenis van die Christelike Kerk in bepaalde lande of plekke. Die genadegawes van wonders doen en genesings dien die opbou van die Gemeente/Kerk.

Christene wat vandag daarop aanspraak maak dat hulle die genadegawe van genesing of van geloof ontvang het, mag hierdie genadegawes net beoefen binne die grense van God se Woord enersyds en onder die toesig van die ouderlinge van die gemeente andersyds. Maar afgesien van die feit of die geestesgawe van genesing aanwesig is of nie, moet die bediening vir siekes altyd beskikbaar bly in die gemeente. Jakobus 5:14 leer dat die bediening vir die siekes meestal deur die ouderlinge van die gemeentes uitgevoer is, ongeag of hulle die geestesgawe van genesing het of nie!

3. Gebed en salwing deur die oudstes as middel tot genesing.

Lees Jakobus 5:13-16.
Onderrig.

(1) Die bediening van genesing hoort normaalweg by die ouderlinge.
Jakobus 5:14-15 leer: “As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here. En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word.”

Jakobus sê nie dat gebed en salwing met olie die mediese dokter moet vervang nie. Hy keur ook nie dokters en moderne medisyne af nie. Christene mag nie aflei dat Jakobus iets wat hy nie noem nie sondermeer afkeur nie! Daar is altyd ’n geestelike dimensie in genesing en Jakobus gaan hierop in. ’n Christen moet nooit ’n dokter (tandarts, specialis, terapeut, ens) raadpleeg sonder om ook God terselfdertyd te raadpleeg nie. Maar daar is tye wat dit in orde is om net vir God te raadpleeg sonder om ’n dokter te raadpleeg.

Jakobus assosieer die bediening van genesing deur gebed en salwing met olie met die ouderlinge in die gemeente. Die bediening van genesing behoort nie uitsluitend by mense wat aanspraak maak dat hulle die genadegawe van genesing ontvang het nie (1 Korintiërs 12:30). Die bediening van genesing behoort ook nie net aan een of ander orde wat nie meer bestaan nie soos die apostels van Jesus Christus nie. Die bediening van genesing behoort normaalweg tot die ouderlinge van die gemeente as groep!

(2) Die salwing met olie is nie 'n sakrament nie.

'n Verkeerde leer en praktyk, wat gebaseer is op Jakobus 5:13-16, het as 'n tradisie in die Rooms Katolieke Kerk voor die Hervorming van 1517 ontwikkel.

- Teen die 3de eeu n.C. was dit al die gewoonte dat *die biskop* van 'n gebied die olie heilig (afsonder) wat gebruik is by die salwing van siekes.
- Teen die 10de eeu was dit veral *die priesters* wat die salwing met olie uitgevoer het.
- Teen die 12de eeu word die uitdrukkings 'die heilige oliesel' en 'die sakrament vir die dode' gevind en die salwing met olie is *beperk tot mense wat op die punt gestaan het om te sterwe*.
- In die 13de eeu is die seremonie van salwing met olie verklaar tot '*een van die sewe sakramente*'.
- Die Konsilie van Trente in 1545 (Teen die Hervorming) het die banvloek uitgespreek (d.i. 'n vloek van die Kerk wat die persoon uit die Kerk verban) oor enige mens wat ontken dat "die heilige salwing werklik 'n sakrament is wat deur Christus ingestel was ... en deur die geseënde apostel Jakobus uitgebrei is", of wat ontken dat "hierdie sakrament genade en vergewing geskenk het, ... of wat dink dat die ouderlinge na wie Jakobus verwys nie priesters was wat deur 'n biskop ingewy was nie."[1].

Dit is duidelik dat "die heilige salwing" 'n on-Bybelse tradisie en kerklike bygeloof geword het. Dit het niks met Jakobus 5;14-15 te make nie. Jakobus was nie 'n apostel van Jesus Christus nie, maar wel sy broer. Hy was veral geïnteresseerd in die genesing van siekte. Die vergewing van sondes is iets wat af en toe 'n rol speel en selfs dan kan die salwing met olie geen vergewing oordra nie! Jakobus praat nie oor 'n priester wat iemand voorberei op sy sterfbed, maar oor ouderlinge wat 'n mens bystaan om tot die volle lewe herstel te word!

(3) Die handelinge rondom die bediening van genesing van die ouderlinge.

- In 'n huis.

Jakobus praat ook nie oor openbare genesingsdienste nie, maar oor 'n bediening in die beslotenheid van die huis van die sieke. Die ouderlinge het twee take: om oor die sieke te bid en hom met olie in die Naam van die Here te salf.

- Gebed.

Dit is belangrik om daarop te let dat die sieke nie gevra word om te bid of om te glo vir genesing nie. Dit is die ouderlinge wat geroep word om te bid en geloof te beoefen vir genesing. Die effektiwiteit van hierdie bediening van genesing lê in 'die gelowige gebed' en nie in die salwing met olie nie. Die Here beloof sy genesing en herstel van kragte as 'n antwoord op die gelowige gebed van die ouderlinge.

- Speeksel.

Jesus het sy speeksel alleen één keer gebruik by 'n doofstomme (Markus 7:31-37; 8:22-26; Johannes 9:6-7). Omdat normaal praat met 'n dowe moeilik was, het Jesus 'n tasbare metode gebruik om die sieke te oortuig dat Hy van plan was on hom te genees.

- Salf met olie.

In Markus 6:13 beveel Jesus glad nie dat daar met olie gesalf moes word nie, maar Hy keur dit sekerlik goed. Die salwing met olie was die belangrikste mediese behandeling in die tyd toe Jesus Christus fisies op aarde was. Die olie is as medisyne aangewend. So het die ouderlinge ook olie gebruik as 'n sigbare en voelbare middel en teken van die genesingsgesag en die genesingskrag in die Naam van Jesus Christus.

- Hande oplê.

Let daarop dat daar in hierdie Bybelgedeelte geen verwysing is na *handoplegging nie*. Die handoplegging was 'n ander sigbare en voelbare uitdrukking en teken van die neerdaling van genesingskrag in die Naam van Jesus Christus (Markus 6:5) of van die apostels (Handelinge 28:8) en word verseker vandag ook toegelaat.

- Sonde bely.

Daar is in hierdie Bybelgedeelte ook geen rede om te dink dat die sieke eers sy sondes in die openbaar in die teenwoordigheid van die ouderlinge moes bely nie (vergelyk hierbo). Maar die ouderlinge mag die sieke wel vra of daar enige sondes was wat bely moes word en vergewe moes word. 'n Oomblik van stil gebed, waarin daar geleentheid is vir elkeen om sondes wat gedoen is te bely of om God te dank vir wat Hy aan die doen is, word verseker vandag toegelaat.

4. Die gebed van geloof en sy uitwerking.

(1) Die doel van beloftes is nie om geloof op te sweep of om voor te gee dat daar geloof is nie.

Ontdek en bespreek. Wat is die doel van beloftes m.b.t. gebed in die Bybel? Lees die Bybelgedeeltes.

- Jakobus 5:15. Geloof is nie 'n ongegronde aanname dat God genesing móét of sál skenk nie.

Jakobus 5:15 beloof dat die gelowige gebed die sieke sal red, bevry of sy gesondheid sou herstel en die Here sou hom weer oprig. As die uitdrukking 'gelowige gebed' op sigself geneem word, dan is geloof die oortuiging dat God die wonder van genesing onder alle omstandighede sou doen. Maar dit is nie wat Jakobus bedoel het nie.

[1] The Canons and Decrees of the Council of Trent", translated by J. Waterworth, 1848, p 110f

- Markus 11:24. Vir geloof is ’n openbaring nodig.

Jesus het soortgelyke beloftes gemaak. In Markus 11:24 sê Jesus Christus: “Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen” (Johannes 14:13; vergelyk ook Matteus 18:19). Dis duidelik dat die uitdrukking ‘die gelowige gebed’ belangrik is, maar daar is ’n gevaar hieraan verbonde. Tensy Christene ’n spesifieke openbaring van God ontvang het dat dit God se wil is om hierdie sieke te genees, word Christene dikwels mislei deur hulle eie oortuigings oor wat God wél of nie gaan doen nie. Sonder so ’n besondere openbaring, word gebed met die houding van ‘God móét en sál die sieke genees’ ’n ongegronde aanname wat maar net die kwesbare gees van die sieke nog meer skade kan aandoen (Psalm 56:9).

- Markus 9:21-24. Geloof is nie altyd seker nie.

Die Bybel sê nie dat ons net kan bid as ons hierdie spesiale sekerheid van geloof besit dat ons sal ontvang wat ons ook al vra/bid nie. In Markus 9:21-24 het Jesus kragtig gereageer (d.i. Hy genees) op ’n geloof wat volgens sy eie belydenis ver van seker was. Die man het gesê: “Ek glo! Help my in my ongeloof.”

- Efesiërs 3:20. Geloof is nie die maatstaf waarmee God gebed beantwoord nie.

Die Bybel sê nie dat God se reaksie op ons gebed net so ver strek as wat ons geloof strek nie. In Efesiërs 3:20 sê Paulus dat God by magte is om ver meer te doen as wat ons bid of dink.

- 1 Korintiërs 12:9a,11. Geloof is ’n goddelike gawe wat nie deur ’n mens opgesweep of voorgegee word nie.

Die Bybel sê nie dat ons moet probeer om ons geloof op te sweep of dat ons moet voorgee dat ons glo terwyl dit nie werklik die geval is nie. God soek nie huigelaars nie, maar mense wat opreg is. God soek na mense wat Hom in gees en waarheid aanbid (Johannes 4:23-24). Wat Jesus, Paulus en Jakobus dus blykbaar wil sê, is dat ons in ons gebede altyd oplettend moet bly dat God ons ’n besondere gawe van geloof wil gee m.b.t. iets wat ons vra. Só ‘n geloof is altyd ’n soewereine gawe van God (1 Korintiërs 12:9a,11).

Matteus 6:8. Geloof is om God te vertrou of geduldig te wag om te sien wat die soewereine God van plan is om te doen. Hierdie Bybelgedeeltes oor ‘die gebed van geloof’ (Matteus 18:19; Markus 11:22-24; Johannes 14:13; Jakobus 5:14) is nie die hele waarheid oor gebed nie. Die meerderheid van christelike gebede is gebede van geloof (kinderlike vertroue); en tereg, want dikwels weet ons nie wat om vir onsself of vir ’n andereen te vra nie. Dikwels het ons nie die kennis of wysheid om te weet wat reg of nodig is nie en daarom bid ons: “Here, seën asseblief hierdie persoon of situasie.” Wanneer ons God vra om ‘te seën’, erken ons bewus dat ons nie weet wat ons spesifiek moet vra nie, maar dat die Here wel weet wat nodig is! Nog vóór ons begin bid, weet God al wat ons nodig het (Matteus 6:7-10). Gebed is daarom ’n toewyding en ’n onderwerping aan die soewereine wil van God. Alle ware gebede beoefen ware geloof deur geduldig op God te wag om te sien wat die soewereine God van plan is om te doen.

(2) Die doel van beloftes is om aan Christene aan te spoor om met moed en vertroue te bid.

Lees Markus 1:17; 2:20-22; 3:33-35; 5:39; 7:27; 8:15; 9:12-13; 9:43,45; 10:38-39; Markus 11:22-24.

Ontdek en bespreek. Hoe moet ons Markus 11:22-24 verstaan in die lig van die beeldspraak (’n berg verplaas) wat Jesus in die Evangelie van Markus gebruik?

- Bid met geloof.

Geloof is die venster van die siel waardeur die liefde van God in ons lewens instroom. *Geloof* is die oop hand wat ons uitstrek na God wat die Gewer is. *Geloof* is die koppeling wat die trein van die mens koppel aan die lokomotief van God. *Geloof* is om die hele lewe van die mens aan te haak en dit vas te maak aan die inisiatiewe van God. *Geloof* is die stam van die boom van verlossing, waarvan die wortel God se genade is en die vrug ons goeie werke is (Romeine 5:1,5; Johannes 1:12-13; 2 Tessalonisense 2:13-14; Efesiërs 2:8-10).

Geloof was die middel wat Abraham regverdig het (Genesis 15:6). *Geloof* was die magneet wat Moses van die genot van Egipte af weggetrek het, sodat hy hom vereenselwig het met die lotgevalle van God se verdrukte volk (Hebreërs 11:24-27). *Geloof* was die krag wat die mure van Jerigo inmekaar laat stort het (Josua 6:20). *Geloof* was die geheim wat Rut in staat gestel het om die God van die Bybel te bely (Rut 1:16). *Geloof* was die wapen wat Goliat doodgemaak het (1 Samuel 17:45-47). *Geloof* was die wapen wat die leërmag van Sanherib vernietig het (2 Konings 19:14-37). *Geloof* was die beslissende faktor in die stryd tussen Elia en die valse profete op Karmel (1 Konings 18:30-40). *Geloof* was die skild wat Job beskerm het te midde van sy beproewinge (Job 19:23-27). *Geloof* was die muilkorf wat die leeus se bekke toegesluit het (Daniël 6:19-23). *Geloof* was die geneesmiddel wat die slaaf van die offisier in Kapernaum en baie ander plekke in die Nuwe Testament genees het (Matteus 8:10,13).

Geloof is om op God te leun of te steun, Hom te vertrou en aan Hom vas te klou onder alle omstandighede. *Geloof* is om te weet dat God se ewige arms onder jou is (Deuteronomium 33:27). *Geloof* is om jou lewe (Nederlands HSV: jou weg) aan die HERE oor te gee, om Hom te vertrou en te weet dat Hy sal doen wat die allerbeste is (Psalm 37:5). *Geloof* is om die Koninkryk (koningskap) van God soos ’n kindjie te ontvang (Markus 10:15). *Geloof* is die vaste grond (sekerheid van die bestaan en teenwoordigheid) (Grieks: hupostasis) van die dinge waarop ons hoop, en ’n bewys (oortuiging wat vir die geestelike oog sigbaar maak) (Grieks: elenchos) van die dinge wat ons nie sien nie (Hebreërs 11:1). *Geloof* is die oorwinning wat die wêreld oorwin (1 Johannes 5:4).

- Gebed verplaas berge – ’n figuurlike uitdrukking.

Letterlik sou die Olyfberg opgetel moes word en 1200 meter laer af in die see gegooi moes word! Dit het absoluut geen sin om baie hard te konsentreer en hierdie berg in die see te gooi nie. Jesus het hier gebruik gemaak van beeldspraak.

Dit word ook in Jesaja 40:4 gevind: “Elke laagte moet opgevul word, elke berg en rant moet gelykgrond word. Elke bult moet ’n gelykte word en elke koppie ‘n vlakte.” *Die laagtes* verwys na die dieptes van ontmoediging en wanhoop van God se volk in ballingskap en *die berge* verwys na die hoogtes van trots en selfverheffing van die omliggende volke. God sê hiermee dat niks kan verhinder dat sy volk uit die ballingskap sal terugkeer nie!

Dit word ook in Sagaria 4:7 gevind: “Selfs die grootste berg sal voor Serubbabel ‘n gelykte word.” Dit is ’n verwysing na die berg van moeilikhede wat Serubbabel mee te doene het by die bou van die tweede tempel. Die berg van moeilikhede sou verdwyn!

In die lig van die konteks van Markus 11:24 verwys hierdie dramatiese beeldspraak na geloof en gebed. Geen taak wat in ooreenstemming is met God se volmaakte wil sal onmoontlik wees om uit te voer nie! Diegene wat dit glo en nie hieroor twyfel nie, sal dergelike berge van moeilikhede kan verplaas!

- Die berge wat die apostels verplaas het.

Die apostels het op fisiese sowel as op geestelike gebied dinge gedoen wat net so onmoontlik lyk as om ’n berg op te tel en in die see te gooi. Deur geloof het Petrus op die water geloop (Matteus 11:29). Deur geloof het die apostels selfs demone uitgedryf in die Naam van Christus (Lukas 10:17). ‘n Paar dae later het Jesus vir sy dissipels gesê: “Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan.” (Johannes 14:12).

Die boek Handelinge bewys dat wat Jesus hier in Markus 11:24 gesê het, waar is. Die apostel Petrus het ’n verlamde genees, siekes genees en mense wat onder onrein geeste gely het genees en ’n vrou wat gesterf het uit die dood opgewek (Handelinge 3:6-9,16; 5:12-16; 9:32-43). Die apostel Paulus het ’n bose gees uitgedryf uit ’n waarsegster, siekes genees en ’n jongman uit die dood opgewek (Handelinge 16:16-18;19:11-12; 20:9-12). Hierdie gebeure was almal tydelike genesings!

Maar God het ook die apostels gebruik om permanente genesing teweeg te bring. Hulle het duisende uit die geestelike duisternis na die geestelike lig gebring (Handelinge 2:41). Hulle het die evangelie verkondig in gebiede ver buite die gebiede waar Jesus Self gewerk het (Handelinge 1:8)! En hulle het baie langer gewerk as die 3½ jaar wat Jesus Self gewerk het!

- Kenmerke van ware gebed.

“Alles wat julle in die gebed vra” sal gebeur (Markus 11:24). Dit klink byna ongelooflik. Ons moet onthou dat ons gebede in ooreenstemming moet wees met wat Jesus op ander plekke vir ons oor gebed geleer het en moet in ooreenstemming wees met wat in die Bybel geleer word. Dus, gebed, moet ’n uitdrukking wees van nederige, kinderlike vertroue en geloof dat jy dit van God ontvang het (Matteus 7:11). Ware gebed is dus die volgende: om met ’n opregte hart te vra (Matteus 6:5), om met die wil te volhard in gebed (Matteus 7:7), met liefde vir almal wat daarby betrokke is (Matteus 5:43-48), met onderwerping aan God se soewereine wil (Matteus 6:10b) en in die Naam van Jesus Christus (Johannes 16:24). Om te bid in die Naam van Jesus Christus beteken om in ooreenstemming met alles wat Jesus oor Homself geopenbaar het, te bid en deur net te vertrou op die verlossingswerk wat Hy volbring het.

- Bid met oortuiging, maar nie met koppige opdringerigheid nie.

Die uitdrukking: “die gebed van die geloof sal die kranke red (Grieks: sózó)” (AOV), staan in ’n ry van ander bevestigings m.b.t. gebedsverhoring. In Matteus 18:19 belowe Jesus: “As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry.” En Johannes 14:13 sê: “Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.”

Dergelike beloftes is bedoel om die Christen met vertroue by die punt van die gebed uit te bring. Christene het moed en bemoediging nodig om te bid, veral vir genesing. Hierdie beloftes praat oor ‘n God wat al ons gebede hoor, wat gul (genereus) is, wat alles kan doen en niks van ons sal weerhou wat goed is nie! Maar die één ding wat hierdie beloftes nie aanmoedig nie, is dat ons met koppige opdringerigheid bid dat ons weet wat goed is en dat ons wil moet gebeur!

(3) Die wesenlike van geloof in gebed is vertroue hê in God se soewereine wil.

Lees Matteus 6:9-10; Lukas 22:42; Jakobus 4:15.
Ontdek en bespreek. Wat is die wesenlike van geloof in verhouding tot gebed?

- Die wesenlike van geloof is vertroue te hê in God se soewereine wil.

Toe Jesus Christus in ‘die Ons Vader’ gebed geleer het dat ons moet bid: “Laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u (volmaakte) wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel,” het Hy ons geleer dat hierdie houding in al ons gebede noodsaaklik is!

Jakobus 4:15 sê: “Julle moet eerder sê: ‘As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen’”. Dit leer ons wat die wesenlike van die lewe en van gebed is: “Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!!” (Lukas 22:42).

Daarom is ons geloof in ‘die gelowig gebed’ nie ’n blinde oortuiging dat God outomaties sy belofte gaan vervul en die sieke gaan genees nie. ‘Die gelowige gebed’ is eerder dat die soewereine wil van God wat betroubaar en liefdevol is en alleen weet wat die allerbeste vir die sieke is, sal gebeur, Nie die siek mens, óf die ouderlinge van die gemeente dring daarop aan dat húlle eie wil moet gebeur nie. Die ouderlinge kom by die sieke bymekaar om hom die volkome en ewige veiligheid van God se onveranderlike en genadige wil te bring. Die volmaakte wil van God mag wees dat Hy die sieke

genees. Dit is egter die kleiner weldaad! Of die volmaakte wil van God kan wees dat die sieke wel sterf en in God se teenwoordigheid geroep word waar hy die volheid van die ewige lewe sal geniet! Dit is die allergrootste weldaad!

Om hierdie rede moet Christene altyd in hulle gebede sê (en nie allee in hulle gebede om genesing nie): "Laat U (volmaakte) wil gebeur!" Die effek is dan dat alle beperkings van ons gebede verwyder word! Ons kennis oor die siekte, ons voorgestelde oplossings en ons verstaan van God se wil is altyd beperk (Deuteronomium 29:29)! Soms lê ons 'n beperking op ons gebede deur ons beperkte kennis oor die probleem. Soms lê ons 'n beperking op ons gebede deur 'n menslike oplossing voor te stel. En soms lê ons 'n beperking op ons gebede deur te dink dat ons weet wat die allerbeste vir ons self is. Deur te bid: "Laat U wil gebeur!" lê ons heeltemal geen beperking op ons gebed nie, maar lig ons gebed bo alle aardse beperkings uit! Ons gebed plaas ons onvoorwaardelik in die hande van God en sy oneindige wysheid, liefde en krag. Daar is geen veiliger plek op die aarde om 'n siek mens te plaas nie as in die hande van God Self nie. En daar is regtig geen beter oplossing vir sy probleem as die oplossing wat God vir hom in gedagte het nie!

"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is." (Romeine 8:28).

F. DIE ATMOSFEER BY GENESING

Inleiding. Wanneer Christene vir 'n siek persoon bid, dan behoort hulle te vra vir 'n atmosfeer van geloof en liefde. Ons verantwoordelikheid is om geloof en liefde te beoefen. God se verantwoordelikheid is om sy soewereine en volmaakte wil op sy eie tyd uit te voer!

1. Geloof en genesing.

(1) Geloof is nie geloof in jouself of in die persoon wat vir genesing bid nie.

'n Siek persoon wat glo vir sy eie genesing of wat glo in die mense wat vir sy genesing bid, stuur af op 'n teleurstelling. Mense wat hulle na binne keer en baie hard probeer om hul eie twyfel te oorwin en hulle geloof in hulle eie geloof te vergroot (d.w.s. wat glo dat hulle geloof groter is as wat dit in werklikheid is), vergeet dat geloof 'n gawe van God is (1 Korintiërs 12:9a).

Wanneer 'n persoon, wat geloof vir die genesing van 'n ander het, merk dat die sieke skynbaar nie genees word nie, gaan hy steeds harder en ernstiger bid om die sieke aan te spoor of te vermaan om nog sterker te glo. Maar in plaas van die sieke se geloof te versterk, veroorsaak hy steeds meer spanning by die sieke. Buitendien mag Christene nooit vir 'n sieke sê dat hy moet ophou om sy medisyne te gebruik en dat hy die simptome van sy siekte moet ignoreer nie. Geloof mag nooit op mense berus nie en ook nie op wat hulle sê nie.

(2) Geloof moet altyd geloof in God wees, in Gods getrouheid, wysheid, krag en liefde.

God is getrou. (Efesiërs 3:20).

God is wys, omdat sy soewereine plan vir ons die allerbeste plan denkbaar is vir ons lewens en Hy al ons onkunde en beperkte motiewe eenkant toe skuif (Romeine 8:28).

God is almagtig en niks is vir Hom te moeilik nie (Jeremia 32:17). "Niks is vir God onmoontlik nie" (Lukas 1:37)!

God is liefdevol en goed en Hy sal ons gebed beantwoord op 'n manier wat ons die beste gaan help. Geloof is om jou op God te rig en Hom volledig te vertrou dat Hy weet wat die allerbeste vir jou is; dat Hy jou baie liewer het as wat enige ander mens ooit vir jou kan wees, en dat Hy tot stand kan bring wat wat jy regtig nodig het. Christene druk hulle geloof uit deur tot God te bid vir die siekes! Die verantwoordelikheid van Christene is om vir die siekes te bid, maar hulle moet die resultaat aan God oorlaat!

(3) Geloof kan groei.

Nadat die dissipels nie daarin kon slaag om die seun met epileptiese aanvalle te genees nie, het Jesus vir hulle gesê dat hulle dit nie kon doen nie omdat hulle geloof nie sterk genoeg was nie. In Matteus 17:20 gaan Jesus verder met sy onderrig en sê: "Dit verseker Ek julle: As julle maar geloof het so groot soos 'n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê: 'Gaan staan daar anderkant!' en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie." 'n Mosterdsaadjie is baie klein. In vrugbare grond groei dit egter totdat die boom (struik) so groot word dat die voëls in die lug daarin kom nesmaak. Jesus leer vir ons dat ons geloof soos 'n mosterdsaadjie is. Hoewel jou geloof in die begin baie klein is, sal die geloof deur jou verhouding met Jesus groei totdat jy groot dinge vir God kan doen! Geloof soos 'n mosterdsaadjie is die soort geloof wat nie in wanhoop (vertwyfeling) opgee as sy pogings nie onmiddellik met sukses bekroon word nie. Hierdie geloof onderhou 'n ononderbroke en lewende verhouding (kontak) met God. Dit hou vol om vurig te bid, omdat hierdie geloof weet dat God op sy eie tyd en eie wyse daardie gebed sal beantwoord. Hierdie soort gebed verbind die bidder met die onuitputlike bron van God se wysheid, liefde en krag.

(4) Geloof werk heeltemal in ooreenstemming met die openbaring in die Woord van God.

Noag en Abraham was instaat om geloof te beoefen *nadat* God sy wil aan hulle geopenbaar het (Hebreërs 11:6-8). As God nie sy wil aan hulle geopenbaar het nie, sou hulle nie geweet het hoe om hulle geloof te beoefen nie. Net so, wanneer God sy Woord en sy wil in die Bybel aan jou geopenbaar het, is jy instaat om in God en in dit wat God sê, te glo. Dan sal jou geloof ook instaat wees om spreekwoordelike berge te versit! Om berge te versit moenie letterlik opgeneem word nie, maar figuurlik, omdat die uitdrukking in Sagaria 4:7 'n verwysing is na 'die berge van

moeilikhede' wat Sagaria gekonfronteer het. Jesus het bedoel dat geen taak, wat God aan jou toevertrou het, menslik onmoontlik sal wees om uit te voer nie, solank as wat jy in 'n vertrouensverhouding met God bly nie (Psalm 18:29; Matteus 19:26; Filippense 4:13). Dus, deur geloof wat gebaseer is op God se taak wat aan jou toevertrou is en wat volhardend bly groei, sal niks vir jou meer onmoontlik wees nie!

2. Liefde en genesing.

1 Korintiërs 13:2 sê: "En al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks." As Christene vir 'n siek persoon bid, dan moet dit in 'n atmosfeer van liefde gebeur. Die siek persoon mag op geen enkele manier benadeel of te nagekom word deur wat gesê of gedoen word, in die bediening van genesing, nie.

(1) Sommige Christene beklemtoon God se krag in genesing.

Hulle konsentreer op die beloftes van God m.b.t. krag om te genees en wonders te doen. Hulle benadruk geloof. Die siek mens moet geloof hê ten einde hierdie belofte te ontvang. Hulle sê dat God dan hul geloof sal eer deur hulle met krag te genees. Mense wat hierdie krag vir genesing benadruk is geneig om op 'n gesaghebbende wyse te bid, met 'n harde stem en deur met krag hande op te lê. Maar hul harde stem is eerder 'n uiting van hul innerlike onsekerheid en hul kragtige woorde is dikwels 'n bedekking vir hul vrees dat hulle uitsprake nie aanvaar sal word nie.

Hierdie benadering kan die sieke beskadig as God in sy wysheid hom nie genees nie. Die bidder kan dan beweer dat die sieke nie genees is nie, omdat die sieke nie geglo het nie of omdat die geloof van die sieke nie sterk genoeg was nie. De sieke word hierdeur erg ontmoedig. Hy voel dat hyself daarvoor verantwoordelik is dat hy nie genees is nie en beskou homself dan as 'n mislukking wat deur God verdoem en verwerp is. Of hy gee God die skuld dat Hy nie genoeg krag het om hom te genees nie of gewoonweg nie omgee om na sy gebed te luister nie. Die sieke kan dan sy rug op God keer.

(2) Ander Christene benadruk God se liefde in genesing.

Hulle konsentreer op die beloftes van God m.b.t. wysheid en liefde. Hulle benadruk die liefde. Die sieke kan en moet dan alles wat teen die liefde is uit sy lewe verban, soos byvoorbeeld haat, boosheid, bitterheid en slegte verhoudings met ander mense, ens. Hulle laat die resultaat heeltemal aan God oor. Hulle erken ruiterlik dat God se soevereiniteit 'n mysterie is en dat nie alle mense sal genees nie. Mense wat God se liefde by genesing benadruk, hoef nie gesaghebbend op te tree nie, maar doen alles in hulle vermoë om die sieke lief te hê. De liefde is geduldig, en vriendelik. Die liefde is nie grootpraterig nie en is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie en soek nie sy eie belang nie. Die liefde hou nie boek van die kwaad nie, maar verheug hooor die waarheid.

Hierdie benadering kan die sieke nie beskadig nie, omdat die sieke en die broers wat bid hulself onderwerp het aan die soewereine en volmaakte wil van God.

"Laat nie My wil nie, maar u wil geskied!"

5	GEBED (8 minute) *[REAKSIES]* GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor "Siekte en genesing" saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Openbaring 4 - 7. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. (4) Voed op in die Here. Efesiërs 6:4.
   Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 20.
   Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.